# Die konteks van die Koninklike Toonkuns-akademie in München en sy Suid-Afrikaans gebore studente, 1902–1909: Mabel Wuesto, Vera de Villiers, Daisy Bosman en Irma Lohner

***The context of the Royal Academy of Music in Munich and its South African born students, 1902–1909: Mabel Wuesto, Vera de Villiers, Daisy Bosman and Irma Lohner***

**Heinrich van der Mescht**
Departement Musiek, Universiteit van Pretoria
heinrich.vandermescht@up.ac.za



Heinrich van der Mescht

**Heinrich van der Mescht** het 'n BA (met Duits en Frans as hoofvakke) en 'n BMus aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Hy het twee en 'n half jaar lank kamermusiek en liedbegeleiding onder Karl Engel aan die *Hochschule für Musik und Theater* in Hannover, Duitsland, studeer. Sy MMus (Universiteit van die Witwatersrand) en DMus (Universiteit van Suid-Afrika) handel onderskeidelik oor die Mörike-Lieder van Wolf en die liedere van Hubert du Plessis. Tans is Heinrich van der Mescht 'n professor in Musiek aan die Universiteit van Pretoria waar hy klas gee in Musiekgeskiedenis. Hy het navorsing oor "Suid-Afrikaanse musiekstudente in Europa, c1850–c1939" in Amsterdam, Berlyn, Dresden, Frankfurt, Leipzig, Londen, München, Weimar en Wene gedoen. 'n Ander navorsingstema is "Verwysings na musiek in die Afrikaanse letterkunde". In 2008 was hy die eerste persoon aan wie die MA in Kreatiewe Skryfkuns (onder H.J. Pieterse) deur die Universiteit van Pretoria toegeken is. 'n Aantal van sy kortverhale het in bundels en in akademiese tydskrifte verskyn.

**Heinrich van der Mescht** obtained the degrees of BA (majors, German and French) and BMus at the University of Stellenbosch. He studied chamber music and song accompaniment with Karl Engel at the *Hochschule für Musik und Theater* in Hanover, Germany. His degrees of MMus (University of the Witwatersrand) and DMus (University of South Africa) respectively deal with Wolf's Mörike Lieder and the songs of Hubert du Plessis. Currently Heinrich van der Mescht is a professor of Music at the University of Pretoria where he teaches History of Music. He conducted research on "South African music students in Europe, c1850–c1939" in Amsterdam, Berlin, Dresden, Frankfurt, Leipzig, London, Munich, Vienna and Weimar. An additional research theme is "References to music in Afrikaans Literature". In 2008 he became the first person to be awarded an MA in Creative Writing (study leader, H.J. Pieterse) by the University of Pretoria. A number of his short stories appeared in anthologies and academic journals.

**ABSTRACT**

***The context of the Royal Academy of Music in Munich and its South African born students, 1902–1909: Mabel Wuesto, Vera de Villiers, Daisy Bosman and Irma Lohner***

*The yearbooks of the* Königliche Akademie der Tonkunst *(Royal Academy of Music) in Munich show that there were four South African born women who studied at the Academy in the early 20th century between 1902 and 1909.*

*The concept of "place" is the point of departure for this article. According to Beard and Gloag in their* Musicology: The Key Concepts *(2005:131-132) this concept "has gained importance as a result of the relativism of postmodern theories." Beard and Gloag regard "identity", "gender", "ethnicity", "race" and "subjectivity" as other concepts which can be taken into consideration when working with the concept of "place". This comes about as a result of these concepts' discursive and reflexive relationship with "place".*

*The article focuses on the developing identity (musical or otherwise) of the South African born students in the context of the* Königliche Akademie der Tonkunst*, which from 1892 had been the continuation of the* Königliche Musikschule *(the Royal School of Music). The most important questions raised by the concept of "place" are the following: What was the influence that the "place", with its specific social circumstances, had on its inhabitants? And what was the role certain inhabitants of the "place" played in the lives of other inhabitants of the "place"? More specifically: What influence did the place (Munich) and the institution (the Royal Academy of Music) have on the South African students? What were the circumstances and who were the lecturers and fellow students they were exposed to? Therefore: What was the context in which they studied?*

*It is clear that the Royal Academy of Music in Munich was a conservative institution. For example, a strict distinction was made between male and female students. The different sexes had to use different stairs in the building, and classes were presented as far as possible in separate groups. The Academy consisted of three sections: the Preparatory School, the Higher Female Section, and the "Hochschule" for male students (called "the real Academy").*

*The most important sources are the yearbooks which have appeared annually since 1875 (available in the Bavarian State Library and the archive of the present* Hochschule für Musik und Theater *in Munich) and the volumes containing student reports from the academic year 1900/1901 onwards (archive of the* Hochschule für Musik und Theater*). From these volumes more personal information can be gleaned. Unfortunately, there are no personal letters to or from the authorities of the Academy available (like there are of the* Hochschule *in Berlin). A set of essays was compiled by Schmitt,* Geschichte der Hochschule für Musik und Theater München von den Anfängen bis 1945 *(History of the* Hochschule für Musik und Theater München *from the beginning until 1945). In this book (2005), Bernd Edelmann covers the period 1874–1914.*

*The 16-year-old Mabel Wuesto, born in Kimberley in 1885, enrolled at the Preparatory School in 1902 for her studies in violin playing with Franz Drechsler. She is the first South African born student included in the volumes of student reports. After studying at the Preparatory School for about two and a half years, she was accepted into the Higher Female Section, but terminated her studies in 1904.*

*In September 1902, Vera de Villiers from Pretoria started studying the piano with Martin Krause (1853–1918) who later became the teacher (at the Stern Conservatorium in Berlin) of the famous pianists Edwin Fischer and Claudio Arrau. She was 22 years old and stayed until 1904.*

*Daisy Bosman had an extraordinary life. She grew up in Bloemfontein after having been in a concentration camp at Kroonstad during the Anglo-Boer War (1899-1902). Her husband, Jacques (a brother of the eccentric pianist Bosman di Ravelli who claimed to have studied at the Music Conservatorium in Leipzig), was a prisoner of war in Admednagar in India and studied*

*art in Munich. The 27-year-old Daisy's teacher for singing between 1906 and 1908 was Bernhard Günzburger, who ten years earlier had taught Jeannie Muller from Graaff Reinet. Daisy Bosman later became a champion of the Afrikaans art song. Before the outbreak of World War II in September 1939, she left South Africa in February 1939 for Germany with her husband and ill daughter, Maxie, who had studied singing at the Academy between 1931 and 1933. Jacques and Maxie Bosman soon passed away. It is not certain when and where in Europe Daisy Bosman died during World War II.*

*Born in Pretoria on 18 February 1885, Irma Lohner gave Munich as her home city when she started her singing studies with Günzburger in April 1907. She changed her teacher to Bianca Bianchi-Pollini from the academic year 1907/1908 and studied until February 1909.*

*In the reports, students were awarded marks between 1 and 3. The South African born students received good marks for their studies and never attained less than a 1 for their conduct.*

*At the student concerts in the* Königliche Akademie der Tonkunst, *the South African born pupils were exposed to a wide variety of fellow students. Other concerts were given by the excellent teachers or visiting artists. The place Munich as a centre of music offered many other attractions, like the opera houses. These circumstances would have had a tremendous influence on the developing artistic identity of the students.*

*Further research is needed on the ensuing lives of these four women in order to determine how they conveyed to their communities the extensive impressions and experiences they had gathered in Munich.*

**KEY WORDS:** Daisy Bosman, context, Vera de Villiers, identity, *Königliche Akademie der Tonkunst* in Munich, Irma Lohner, the concept "place", Royal Academy of Music in Munich, South African music students, Mabel Wuesto

**TREFWOORDE:** Daisy Bosman, Vera de Villiers, identiteit, *Königliche Akademie der Tonkunst* in München, Koninklike Toonkuns-akademie in München, konteks, Irma Lohner, die konsep "plek", Suid-Afrikaanse musiekstudente, Mabel Wuesto

**OPSOMMING**

Die jaarboeke van die *Königliche Akademie der Tonkunst* in München toon dat daar vier Suid-Afrikaans gebore vroue in die vroeë twintigste eeu (1902–1909) aan die instansie studeer het. Die konsep "plek" is die uitgangspunt van die artikel. Watter invloede sou die plek München en die Koninklike Toonkuns-akademie op die identiteit van studente uit Suid-Afrika kon hê? Aan watter omstandighede, dosente en medestudente is hulle blootgestel? Wat was dus die konteks waarbinne hulle studeer het? Dit is duidelik dat die Toonkuns-akademie 'n konserwatiewe instelling was waar daar byvoorbeeld 'n streng onderskeid tussen manstudente en damestudente getref is. Die Akademie het oorspronklik uit drie afdelings bestaan: "'n Voorbereidende Skool, 'n Hoër Vroulike Afdeling en 'n Hochschule vir studente van die manlike geslag – die eintlike Akademie". Die belangrikste bronne is die jaarboeke wat elke jaar verskyn het (beskikbaar in die Beierse Staatsbiblioteek en die argief van die *Hochschule für Musik und Theater* in München) en die volumes met studenterapporte wat vanaf die akademiese jaar 1900/1901 beskikbaar is (*Hochschule für Musik und Theater*). Ongelukkig is daar geen briewe aan en van die bestuur van die Akademie beskikbaar nie (soos wel van die *Hochschule* in Berlyn die geval is). Die volgende vier persone word bespreek: Mabel Wuesto (gebore in Kimberley, viool, 1902–1904), Vera de Villiers (Pretoria, klavier, 1902–1904), Daisy Bosman (Bloemfontein, sang, 1906–1908 ) en Irma Lohner (Pretoria,

sang, 1907–1909). Navorsing oor die lewens van hierdie persone is nou nodig sodat vasgestel kan word hoe hulle later die omvangryke indrukke en ervaring wat hulle in die “plek” München en die “plek” *Königliche Akademie der Tonkunst* versamel het deur middel van hulle nuwe ontwikkelde identiteit aan hulle gemeenskappe oorgedra het.

## INLEIDING

In ’n nog ongepubliseerde artikel is ondersoek ingestel na Suid-Afrikaanse studente wat in die kwarteeu tussen 1874 en 1899 aan die *Königliche Musikschule* en sy opvolger, die *Königliche Akademie der Tonkunst* (1892), in München studeer het. Die volgende vyf persone is bespreek: Hugo Lentz (gebore in Keiskammahoek) wat tussen 1881 en 1882 toneelspel studeer het, Florence Fraser (Philippolis, klavier, 1886–1887), Violet Whiteford (Fort Beaufort, sang, 1893–1894), Jeannie Muller (Graaff-Reinet, sang, 1895–1896) en Johanna Singenberger (“St. Francis”, viool en klavier, 1896–1898). Dit is die mikpunt van die huidige artikel om die tydperk 1902–1909 te bestudeer.

## DIE KONSEP “PLEK”

Chris Philo, voorheen verbonde aan die departement geografie van die Universiteit van Cambridge, verduidelik (2000:652-653) dat die begrip “plek’’ gebruik word om ’n spesifieke ruimte te definieer. Hierdie ruimte kan so klein soos ’n kamer wees of so groot soos ’n hele landsgebied. Die refleksie oor hierdie begrippe kan humanistiese geografie genoem word. Die konsep “sense of place” (gevoel oor/van die “plek”) hou verband met “the myriad values, beliefs, feelings, hopes and fears that human beings attach both individually and collectively to certain settlements, regions, environments and landscapes”. Hierdie begrippe is almal van belang vir die studie van Suid-Afrikaanse studente wat in Europa studeer het. Hulle is gekonfronteer met waardes en gebruike wat moontlik anders was as dié waarmee hulle grootgeword het. Hulle het sekerlik met verwagtings en met beklemming die onbekende plekke betree. In hoe ’n mate sou sulke persone tuis voel in ’n nuwe “plek”? Wat sou vasgestel kon word oor die “landscape” (of die “cityscape”) waarin hierdie studente studeer het?

In sy beroemde artikel “The Web of Culture: A Context for Musicology” (1984) gebruik die musiekwetenskaplike Gary Tomlinson (1984:350) die woorde van ’n kulturele antropoloog, Clifford Geertz, as uitgangspunt. Geertz sê: Die katedraal in Chartres bestaan uit klip en glas; maar dit is nie al nie. By die bepaling van die betekenis van so ’n gebou moet talle ander aspekte in ag geneem word. Tomlinson (1984:351) som hierdie idee soos volg op: “[I]n order to understand individual human actions we need to interpret the cultural context from which they arise.”

Die konsep “plek” word volgens Beard en Gloag (2005:131-132) al hoe belangriker in musieknavorsing weens die relativisme van postmoderne teorieë. Hulle beskou “identiteit”, “gender”, “etnisiteit”, “ras” en “subjektiwiteit” as ander konsepte wat met “plek” verbind kan word as gevolg van die diskursiewe en oordenkende (“reflexive”) verband met “plek”. In hierdie artikel sal daar veral aandag gegee word aan die geïmpliseerde, ontwikkelende identiteit van die Suid-Afrikaans gebore studente wat in die vroeë 20ste eeu (1902–1909) aan die *Königliche Akademie der Tonkunst* (die voortsetting van die *Königliche Musikschule*, vanaf 1892) in München studeer het. In sy artikel oor “Music and identity” skryf die musiekwetenskaplike Simon Frith (1996:122): “Identity [...] comes from the outside not the inside; it is something we put or try on, not something we reveal or discover.” Die “outside” wat hier ter sprake is, is die omstandighede

in die "plek" München. Die belangrikste vrae wat deur die konsep "plek" opgeroep word, is: Wat was die invloed wat die "plek" met die spesifieke sosiale omstandighede daar op die inwoners kon gehad het? En wat was die rol wat sekere inwoners van die "plek" in die lewens van andere gespeel het? Daar sal ook verwys word na die streng gender-rolle waaraan die twee geslagte onderwerp is. Kort gestel: wat was die kulturele web (Geertz/Tomlinson se "web of culture") waarin die studente gelewe het?

## NAVORSINGSMETODES

Wat navorsingsmetode betref wil hierdie artikel die "thick description"-metode ('n term wat ook deur Geertz gebruik word) volg. Dit word toegepas in kwalitatiewe navorsing en poog om soveel moontlik inligting oor die kulturele web te ondersoek om hierdeur 'n so volledig moontlike uitbeelding van (in hierdie geval) die omstandighede van die spesifieke Suid-Afrikaners in München te verskaf. Dit is des te meer noodsaaklik omdat die studente se persoonlike korrespondensie met die Akademie nie meer beskikbaar is nie. Oor hierdie metode skryf Holloway en Wheeler (2009:13-14) die volgende:

> It involves detailed portrayals of the participants' experiences, going beyond a report of surface phenomena to their interpretations, uncovering feelings and the meanings of their actions. Thick description develops from the data and the context. The task involves describing the location and the people within it [...].
>
> Through clear description of the culture, the context and the process of the research, the reader can follow the pathway of the researcher [...]. [...] This shows readers of the story what they themselves would experience were they in the same situation as the participants, and therefore it should generate empathetic and experiential understanding.

Soos uit die afdeling "Belangrike bronne" hieronder sal blyk, is daar beperkte informasie oor die Suid-Afrikaanse studente beskikbaar. Dit beïnvloed vanselfsprekend die insig wat oor hulle kulturele ervaring verkry kan word. 'n Groot deel van die navorsing het te doen met die naspeur van argivale bronne wat in die volgende onderafdeling bespreek word.

'n Ondersoek na die latere lewens van hierdie Suid-Afrikaans gebore musici is nie die doel van hierdie artikel nie.[1]

## BELANGRIKE BRONNE

Die jaarboeke van die musiekopleidingsinstansie in München is vanaf 1875 beskikbaar. Die eerste jaarboek van die Koninklike Musiekskool bevat 'n lys van al die studente, verdeel in dames en mans (*Erster Jahresbericht* 1875:7-11). Die jaarboek bevat ook 'n volledige oorsig van die werk wat vir elke vak gedoen is, hoeveel studente in die klas was en hoeveel ure per week aan die vak bestee is. Daar was altesaam 40 weke onderrig. Van verdere deeglikheid spreek die lys van al die werke wat gedurende die jaar uitgevoer is (*Erster Jahresbericht* 1875:28-29). Die daaropvolgende jaarboeke volg in 'n groot mate die patroon van die eerste een en sluit aanvanklik soms 'n

[1] Ek bedank die "Deutscher Akademischer Austauschdienst" (DAAD) van harte vir die toekenning van 'n navorsingsbeurs. Die volgende persone het waardevolle hulp verleen: Susanne Frintrop, hoof van die biblioteek van die *Staatliche Hochschule für Musik und Theater* in München, en Ursula Bastian, prof. Claus Bockmaier en prof. Stephan Schmitt van die *Hochschule*.

akademiese artikel in. Wat vir die huidige studie veral van belang is, is die lys studente en die lys van die lande waarvandaan die studente afkomstig was.[2]

Benewens die inligting in die *Jahresberichte*, is daar oor studente uit die negentiende eeu geen persoonlike inligting beskikbaar nie. Voorbeelde sou kon wees: briewe van studente en hulle ouers aan die bestuur van die Akademie en briewe aan studente en hulle ouers. Die briewe is gewoonlik in duplikaat opgestel en een kopie is by die opleidingsinstansie gehou. Hierdie tipe materiaal is beskikbaar oor die studente van die *Hochschule für Musik* in Berlyn (Van der Mescht 2005). Maar die argief van die *Hochschule für Musik und Theater* in München beskik wel oor groot volumes per jaar met inligting oor studente vanaf die akademiese jaar 1900/1901 tot 1940/1941. Hierdie volumes is dus van groot belang vir die onderhawige studie.

Die eerste volume dra die volgende titel:[3]

*Kgl. Akademie der Tonkunst in München*
*Absolutorial,- Jahres-*
*und*
*Austritts-Zeugnisse*
*Schuljahr*
*1900/1901*

Hierdie volumes (hierna afgekort as "*Kgl. Akademie*" met die jaartal) is uiters waardevol, want dit bevat die getuigskrifte/verslae ("Zeugnisse") van elke student, 'n verslag wat verskaf is indien die student die inrigting verlaat het (selfs al was dit sonder om die finale eksamen aan te durf), en die verslae van die studente wat die finale eksamen afgelê het (waarvan daar jaarliks besonder min was). Verslag is oor vier afdelings gedoen: "Fleiss" (vlytigheid), "Fortschritte" (vordering), "Fähigkeit" (vaardigheid) en "Führung" (gedrag). Die hoogste punt was 1, en die laagste 3. Afgesien van die studente se geboortedatums is geen ander argiefmateriaal beskikbaar nie. Dié inligting is óf nooit so netjies bymekaar gehou nie, óf dit het tydens die Tweede Wêreldoorlog verlore gegaan.

'n Belangrike bron is die stel opstelle wat deur Schmitt (2005) saamgestel is: *Geschichte der Hochschule für Musik und Theater München von den Anfängen bis 1945*. Hierdie boek bevat hoofstukke deur Robert Münster oor die tydperk 1846–1865, Christa Jost (oor 1865–1874), Bernd Edelmann (oor 1874–1914), Klaus-Jürgen Seidel (oor 1914–1933) en Stephan Schmitt (oor die tyd van die nasionaal-sosialisme). Leidende figure van elke tydperk (onderwysers en studente), die veranderings in leerplanne en die geskiedkundige ontwikkeling word bespreek. Aan die einde volg 'n lys van al die onderwysers met 'n kort lewensgeskiedenis van elk, asook 'n lys van die hoofde van die instansie (Krause 2005:391-424,425-426).

## DIE KONINKLIKE MUSIEKSKOOL EN DIE KONINKLIKE TOONKUNS-AKADEMIE IN MÜNCHEN

Die huidige *Staatliche Hochschule für Musik und Theater München* het 'n lang en komplekse ontstaansgeskiedenis.

Na die sekularisasie van die kloosters in Beiere in 1802–1803 het daar 'n groot behoefte aan opleiding van sangers ontstaan (Münster 2005:13). Verskillende individue het – sonder sukses – hierdie leemte deur die stigting van musiekskole probeer vul. Daar is onder andere in 1830 'n

[2] Selfs al het die jaarboek in sy opsomming aangedui dat daar geen studente uit Suid-Afrika teenwoordig was nie, het ek nogtans al die lyste nagegaan.

[3] *Koninklike Toonkuns-akademie in München / finale, jaar- / en / afsluitingsrapporte / skooljaar / 1900/1901.*

"Central-Singschule" gestig wat vanaf 1841 onder die leiding van die hofkapelmeester Franz Lachner gestaan het (Münster 2005:14). (In die tussentyd, in 1843, word die Konservatorium in Leipzig, onder andere deur die toedoen van Mendelssohn, in die lewe geroep.) Ná lang onderhandelings het die Koninklike Konservatorium in München op 1 November 1846 met onderrig begin. Teen 1851, toe die later beroemde komposisieleermeester Josef Rheinberger (1839–1901) hom op twaalfjarige ouderdom aan die Konservatorium laat inskryf het, was daar dertien onderwysers en 110 leerlinge (Münster 2005:19). Wagner se *Bericht an seine Majestät König Ludwig II von Bayern über eine in München zu errichtende deutsche Musikschule*,[4] saamgestel op aandrang van Ludwig II, het tot gevolg gehad dat 'n kommissie deur Ludwig II aangestel is om die moontlikhede van 'n nuwe instansie te ondersoek. Afgesien van Wagner (1813–1883), was Karl (Carl) von Perfall (1824–1907; voorsitter), Hans von Bülow (1830–1894), Franz Lachner (1803–1890) en Josef Rheinberger onder andere ook deel van die groep (Münster 2005:30). Die kommissie beveel egter nie 'n "Gesangschule" aan soos Wagner voorgestel het nie, maar 'n volledige musiekopvoedingsinstansie (Münster 2005:30). Hiermee was Ludwig II nie tevrede nie. Hy besluit om die Konservatorium vanaf 1 Julie 1865 te sluit (Münster 2005:31). Weens die openbare teenstand teen die verhouding tussen Wagner en Ludwig II moes die koning in Desember 1865 onder druk van die kabinet vir Wagner vra om die stad te verlaat (Jost 2005:35).

Daar word in die inleiding van die *Erster Jahresbericht* (1875:3) verduidelik dat die Koninklike Musiekskool in 1867 in die plek van die vorige Musiekkonservatorium saamgestel is. Nadat die skool aanvanklik geldelik deur Koning Ludwig II ondersteun is, het die staat die instansie in 1874 oorgeneem. Edelmann (2005:111) verduidelik dat hierdie besluit ook die gevolg was van die baie groot bedrag wat Ludwig II bestee het aan die opvoerings van Wagner-operas en die bou van nuwe paleise. Perfall en Rheinberger het vanaf 1874 vir 27 jaar lank tot in 1901 ononderbroke die Musiekskool en die Toonkuns-akademie gelei.

Die *Neunzehnter Jahresbericht* (1893:3) verduidelik dat die Koninklike Musiekskool vanaf 1892/1893 as "K. Akademie der Tonkunst" (Koninklike Toonkuns-akademie) sou bekend staan. Hierna sou dit drie afdelings omvat: "'n Voorbereidende Skool, 'n Hoër Vroulike Afdeling en 'n Hochschule vir studente van die manlike geslag – die eintlike Akademie."[5] Dit was opvallend dat vroulike studente tog dieselfde leermateriaal en leerdoelwitte as manstudente aan die Hochschule moes baasraak.[6]

Hierdie strenge onderskeid tussen mans- en damestudente aan die begin van die twintigste eeu was nie vreemd vir die tyd nie en was bepalend vir die gender-identiteit van beide geslagte. Die manstudente was die uitverkorenes en die damestudente is as van 'n laer groep beskou. Die studentelyste is reeds vroeër in "Schülerinnen" en "Schüler" verdeel. Edelmann (2005:116) wys daarop dat daar in 1874 aparte ingange met aparte trappe vir die twee geslagte was in die gebou waarin die Musiekskool op die Odeonsplatz bedryf is. Vanaf 1892 word die leerlinge van die "Vorschule" "Eleven" en "Elevinnen" genoem (die manlike geslag nou eerste). Die dames van die Hoër Vroulike Afdeling heet nou ook "Elevinnen", maar die studente van die Hochschule (almal mans) word "Studierenden" genoem (*Neunzehnter Jahresbericht* 1893:11). Die diskriminasie is opvallend. Met die uitsondering van die ensemble-oefeninge, die hoogste koorsangklas

---

4 Verslag aan sy majesteit Koning Ludwig II van Beiere oor 'n moontlike Duitse musiekskool wat in München opgerig kan word. (Vertalings uit die Duits is deur die outeur van die artikel.)

5 Sie besteht aus einer Vorschule, einer höheren weiblichen Abteilung und einer Hochschule für Studierende männlichen Geschlechtes – der eigentlichen Akademie.

6 Die höhere weibliche Abteilung hat im Allgemeinen die gleichen Lehrgegenstände und das gleiche Lehrziel wie die Hochschule.

en die voorlesings, is die onderrig van die damesleerlinge van dié van die manlike leerlinge en studente geskei (*Neunzehnter Jahresbericht* 1893:23).[7] Max Reger (1873–1916), wat tussen 1 Mei 1904 en 16 September 1905 kontrapunt, komposisie en orrel onderrig het (dit wil sê tydens die tydperk onder bespreking in hierdie artikel), skryf hieroor (Edelmann 2005:188): "Die totstandkoming van 'n dames- en 'n manstrap is tekenend van die gees wat daar heers. […] Kortom – 'n kleuterbewaarplek met sagteverstand-voorskrifte – maar nooit 'n Akademie nie!"[8]

Ná Perfall was die direkteure van die Akademie die volgende musici: die Liszt-student en vooraanstaande pianis Bernhard Stavenhagen (1862–1914) tussen 1901 en 1904, en die beroemde dirigent Felix Mottl (1856–1911) tussen 1904 en 1911. Dis onder hierdie twee direkteure dat die vier Suid-Afrikaners studeer het (Krause 2005:425-426).[9]

## SUID-AFRIKAANS GEBORE STUDENTE

Daar is ongelukkig geen manier waarop vasgestel kan word of Suid-Afrikaans gebore studente vóór 1874 aan die Koninklike Konservatorium en die Koninklike Musiekskool in München studeer het nie, aangesien daar geen jaarboeke vir hierdie tydperk beskikbaar is nie. Eers vanaf die akademiese jaar 1874/1875 (met die herstigting van die Koninklike Musiekskool) kan die jaarlikse lyste in die jaarboeke nagegaan word. Die *Jahresberichte* bevat vanaf 1875 'n kolom getitel "Geburtsort" met die geboorteplek van elke student. Indien hierdie plek in Suid-Afrika sou wees, beteken dit egter nie noodwendig dat die student in Suid-Afrika grootgeword het nie. Die samevatting van die oorsprongslande van die studente word in elke *Jahresbericht* aangegee onder die titel "Ausgeschieden nach der Heimat" (Ingedeel volgens die vaderland). Wat die Suid-Afrikaanse studente betref, is hierdie lys onbetroubaar. Soms is daar duidelik 'n student wat in Suid-Afrika gebore is, maar daar word tog geen inskrywing vir "Afrika" gemaak nie. Dit wil voorkom asof Suid-Afrika soms as deel van "Grossbrittanien" (Groot-Brittanje) beskou is.

In Schmitt se versameling opstelle oor die Koninklike Musiekskool en die Koninklike Toonkuns-akademie word daar weinig oor buitelandse studente geskryf. Die groot aantal Amerikaners wat by Rheinberger studeer het, word wel genoem (Edelmann 2005:178).

Dit is belangrik om te meld dat die akademiese jaar van die Musiekskool en die Toonkuns-akademie vanaf September tot ongeveer Julie die volgende jaar gestrek het. 'n Student wat byvoorbeeld van 1902 tot 1903 studeer het, het gewoonlik vir slegs een akademiese jaar studeer en nie noodwendig vir die volledige twee kalenderjare nie.

In Suid-Afrika kon musiekstudente eers vanaf 1905 aan die *Conservatorium* in Stellenbosch studeer. Die *South African College of Music* in Kaapstad is eers in 1910 gestig.

## MABEL WUESTO VAN KIMBERLEY (1902–1904)

In 1901 is Stavenhagen as direkteur van die Koninklike Toonkuns-akademie aangestel, en die *Jahresbericht* van 1901/1902 is in 'n bietjie wyer formaat gedruk. Dit het die moontlikheid verskaf van breër en netjieser kolomme vir die oorvloed aan informasie wat aangebied is.

---

7 Der Unterricht der Elevinnen ist mit Ausnahme der Ensemble-Übungen, der obersten Chorgesangsklassen und der Vorlesungen von dem der Eleven und Studierenden getrennt.

8 Die Einführung einer Damen- und Herrentreppe ist bezeichnend für den Geist, der da herrscht. […] Kurzum – eine Kleinkinderbewahranstalt mit gehirnerweichten Vorschriften – aber nie eine Akademie!

9 Die volgende direkteur (tussen 1912 en 1919) was die voormalige student van die Koninklike Musiekskool in München en Liszt-student Hans Bussmeyer (1853–1930) (Krause 2005:425-426).

Op 11 Desember 1901 word die *Gedächtnisfeier* vir Josef Rheinberger (oorlede op 25 November 1901) in die groot saal van die Odeonsgebou gehou. By dié geleentheid is daar slegs werke van Rheinberger uitgevoer: Sy *Elegischer Marsch* vir orkes, die Orrelkonsert nr. 2, twee himnes vir gemengde koor en orrel ("Dextera Domini" en "Angelis suis") en die voorspel tot die opera *Die sieben Raben* (*Achtundzwanzigster Jahresbericht* 1902:43). Hierdie tipe huldigingsgeleenthede, wat gereeld plaasgevind het, moes 'n belangrike motiverende invloed op die gemoed van die studente gehad het.


Na 'n onderbreking van drie en 'n half jaar het 'n Suid-Afrikaanse student haar aan die Koninklike Toonkuns-akademie laat inskryf: Mabel Wuesto was van Kimberley (*Achtundzwanzigster Jahresbericht* 1902:11) en het aan die Voorbereidende Skool viool onder Franz Drechsler, wat tussen 1897 en 1921 aan die Akademie klasgegee het, studeer (Krause 2005:396). Wuesto was een van die min Suid-Afrikaners wat vir 'n tydperk langer as een jaar 'n student was (*Neunundzwanzigster Jahresbericht* 1903:13; *Dreissigster Jahresbericht* 1904:12).

Mabel Wuesto is die eerste Suid-Afrikaans gebore student wie se naam in die volume *Kgl. Akademie der Tonkunst in München* / *Absolutorial,- Jahres-* / *und* / *Austritts-Zeugnisse* / *Schuljahr* / *1901/1902* (geen bladsynommers nie) voorkom. Sy was 33ste en alfabeties die laaste damestudent aan die Voorbereidende Skool. Die volume bevat 'n "Jahres-Zeugnis" (jaarrapport) wat vir haar aan die einde van die akademiese jaar in Julie 1902 uitgeskryf is.

Hiervolgens is sy op 7 Mei 1885 in Kimberley gebore; sy was dus slegs sestien (byna sewentien) jaar oud toe sy in München begin studeer het. Daar word ook aangedui dat sy nie van die begin van die akademiese jaar ingeskryf was nie, maar eers van "Ostern" (die Paastyd) van 1902. Vir haar vioolspel by Drechsler kry sy 2-1 vir vlytigheid, 2 vir vordering, 2-3 vir vaardigheid en 1 vir gedrag. Haar nuutste werk vir viool ("Zuletzt behandelter Lehrstoff") het bestaan uit "Kayzer, Etuden op 20 Hft I" (dit wil sê die eerste boek van die studies van Kayzer, op. 20). Sy het klavierles geneem by Paula Fischer (die dosent van Daisy Bosman; sien later) waar sy vaagweg "Mozart, Sonaten" gespeel het.[10] Fischer het vanaf Oktober 1902 tot Mei 1934 aan die Akademie gewerk (Krause 2005:397). Vir die koorklas was mej. Wuesto by Ludwig Felix Maier wat van 1887 tot 1924 ook orrel, klavier en harmonieleer onderrig het (Krause 2005:408). In die klas van Maier is die boek van Wüllner "I. Stufe" (eerste vlak) behandel.[11] Dit wil dus lyk asof Mabel Wuesto goeie werk gelewer het en daarby baie voorbeeldige gedrag getoon het: sy kry elke keer 'n 1 vir haar gedrag.

Uit die volume *Kgl. Akademie 1902/1903* (pp. 162, 163) kan daar uit 'n *Auszug aus dem Censurbuche* (Uittreksel uit die punteboek) afgelei word dat Mabel in die eerste trimester vir "vlytigheid" 'n 2 en vir "vordering" ook 'n 2 vir haar vioolstudie verwerf het.[12]

10 Sy word 2, 2, 2 en 1 daarvoor toegeken.
11 Mabel kry 1, 2, 2-1 en 1.
12 In die tweede trimester was dit weer 2 en 2. Vir klavier was die punte 2-1 en 2, en 1-2 en 1-2.


Kgl. Akademie der Tonkunst in München.

Auszug aus dem Censurbuche

Wuesto Mabel

I. Trimester | II. Trimester

Der k. Direktor:

L.S.

Bernhard Stavenhagen.

***Figuur 1:** Auszug aus dem Censurbuche van Mabel Wuesto (Kgl. Akademie der Tonkunst in München. / Absolutorial- Semestral- Jahres - / und / Austritts-Zeugnisse / Schuljahr / 1902/1903, p.162, met toestemming van die argief van die Hochschule für Musik und Theater in München)*

In die tweede trimester was sy in die harmonieklas by Viktor Gluth en verwerf ’n 1 en 2, en weer 1 en 2. Gluth (1852–1917) het eers aan die Konservatorium in Praag studeer en daarna aan die Musiekskool in München onder Rheinberger (Krause 2005:398). Hy was onder andere ’n kapelmeester van die Gärtnerplatz-teater in München en dirigent van die Münchense Oratoriumvereniging. Dit is weer eens duidelik dat die Suid-Afrikaners gewoonlik aan buitengewoon ervare onderwysers blootgestel is. Volgens die *Jahres-Zeugnis* was Mabel Wuesto op die viool besig met Danda se op. 60.[13] Haar jongste klavierstukke het bestaan uit studies van Cramer en sonates van Haydn.[14]

Wuesto blink weer uit in goeie gedrag in die volgende jaar (*Kgl. Akademie 1903/4*; geen bladsynommer nie).[15] Vir koor-ensemble is sy by Joseph Becht (?–1926 )[16] wat Musiekdirekteur aan die hof was (1897) en ook kapelmeester van die koninklike vokale kapel (1902) (Krause 2005:392).

Vanaf 1904/1905, na twee-en-’n-half jaar aan die Voorbereidende Skool, is Mabel Wuesto toegelaat as ’n student aan die Hoër Vroulike Afdeling (*Einunddreissigster Jahresbericht* 1905:15). Daar word in die *Jahresbericht* aangedui dat daar ’n student uit “Grossbritannien, Kap-Kolonie” ingeskryf was (*Einunddreissigster Jahresbericht* 1905:20). Van die altesaam 329 studente was 65 uit die buiteland afkomstig: Bulgarye (2), Denemarke (1), Frankryk (1), Griekeland (3), Groot-

13 Sy verdien 2, 2, 3 en 1.

14 Sy word daarvoor 2-1, 2-1, 2 en 1 toegeken. In die harmonieklas by Gluth verwerf sy 1, 2, 2 en 1.

15 Vir viool kry sy vir die eerste twee trimesters 2-1 en 1-2 vir vlyt en 2 en 2 vir vordering; vir klavier is dit elke keer 2-1 vir vlyt en 2 vir vordering; vir harmonie kry sy 1 vir vlyt en 2 vir vordering; en vir “Chorensemble” kry sy vir vlyt 1 en 2-1. In die finale rapport verwerf sy vir haar vioolstudie vir vlyt 1-2, vir vordering 2, vir vaardigheid nou 3, en vir gedrag 1. Vir klavier (Haydn-sonate in E-mol) by Fischer kry sy 2-1, 2, 2 en 1; vir harmonie by Gluth 1, 2, 2 en 1.

16 Sy kry 1-2, 1-2, 2-1 en 1.


Brittanje (10), Italië (6), Nederland (2), Oostenryk-Hongarye (14), Rusland (9), Switserland (7), Serwië (3) en "Amerika" (6). Uit die argiefvolume *Kgl. Akademie 1904/5* kan daar veel oor mej. Wuesto afgelei word. Op p. 264 is daar 'n *Abzug aus dem Censurbuche* met "Wuesto Mabel" se naam, maar daar is geen punte toegeken nie en daar is 'n potloodstreep deurgetrek. Daar is ook geen jaarrapport nie. Hiervolgens lyk dit asof Mabel Wuestro wel vir die jaar 1904/1905 ingeskryf het, maar kort daarna haar studie gestaak het. Sy het dus ongeveer twee-en-'n-half jaar lank aan die Koninklike Akademie studeer.

Mej. Wuesto het nie as solis aan die studentekonserte deelgeneem nie. Haar onderwyser, Drechsler, het in 1904/1905 ses manstudente aan die *Vorschule*, drie aan die *Höhere weibliche Abteilung* en drie aan die *Hochschule* gehad (*Einunddreissigster Jahresbericht* 1905:25).

## VERA DE VILLIERS VAN PRETORIA (1902–1904)

Toe Vera de Villiers haar in September 1902 as klavierstudent laat inskryf het (*Neunundzwanzigster Jahresbericht* 1903:14), was Mabel Wuesto (sien hierbo) steeds daar 'n student. De Villiers is direk tot die *Höhere weibliche Abteilung* toegelaat. Die volgende jaar het sy verder studeer onder haar onderwyser Martin Krause (*Dreissigster Jahresbericht* 1904:13). Krause (1853–1918) het aan die Konservatorium in Leipzig studeer, in 1900 'n dosent aan die Konservatorium in Dresden geword, en vanaf Oktober 1901 in München begin lesgee waar hy tot in September 1904 gebly het (Krause 2005:406). Hierna het hy naam gemaak as dosent aan die Stern-Konservatorium in Berlyn waar sy leerlinge later die beroemde pianiste Edwin Fischer en Claudio Arrau ingesluit het (Van der Mescht 2008:152,159).

Die argiefvolume *Kgl. Akademie 1902/1903* verskaf meer inligting oor Vera de Villiers (pp. 216, 217). Sy is op 9 Julie 1880 in Pretoria gebore en was dus 22 toe sy in München begin studeer het.


Kgl. Akademie der Tonkunst in München. 217

Jahres-Zeugnis.

De Villiers Vera

Der k. Direktor:

Bernhard Stavenhagen.

**Figuur 2:** *Jahres-Zeugnis van Vera de Villiers (Kgl. Akademie der Tonkunst in München. / Absolutorial- Semestral- Jahres - / und / Austritts-Zeugnisse / Schuljahr / 1902/1903, p. 217, met toestemming van die argief van die Hochschule für Musik und Theater in München)*

Louw (2010:12-13) beskryf in ’n populêre artikel die studietydperk van Vera en haar twee jaar jonger suster Estelle (1878–1959) in München, waar Estelle kuns studeer het. Hulle verbintenis met Europa was reeds vasgelê deurdat hulle vader, Thielman Nieuwoudt de Villiers, die Zuid-Afrikaansche Republiek in 1889 op die Wêreldtentoonstelling in Parys verteenwoordig het. Volgens Louw het hulle reeds voor die Anglo-Boereoorlog na Europa vertrek (dus toe hulle ongeveer negentien en sewentien jaar oud was). Ek vermoed dat die susters eerder kort ná die einde van die oorlog (1902) vertrek het.

Vir haar klavierspel het Krause vir die twee semesters vir vlyt 1 en vir vordering 2-1 toegeken. Harmonie-onderrig het sy van Anton Beer-Walbrunn (1864–1929) ontvang.[17] Haar ander vak was die koorklas by Maier.[18] Uit die finale jaarrapport blyk dat Vera de Villiers se laaste klavierwerke vir die jaar Heller se op. 45 en ’n *Nocturne* in B majeur van Chopin was.[19]

In die volume *Kgl. Akademie 1903/4* (geen bladsynommers nie) kan meer oor Vera de Villiers se laaste studiejaar gelees word.[20] Die jaarrapport verklaar dat sy nou ’n *Impromptu* in A-mol van Chopin[21] en Fugas van Bach geleer het.[22] Dit is duidelik dat Vera de Villiers ’n goeie student en haar gedrag voortreflik was.

Alhoewel De Villiers nie self op die interne voordragsaande opgetree het nie, het sy die geleentheid gehad om van die ander Krause-studente te hoor: Op 10 Maart 1903 kon sy byvoorbeeld luister na Sophie Clodt van die plek Samm in Estland (ook aangedui as van Reval) wat die Klavierkonsert van Grieg voorgedra het (*Neunundzwanzigster Jahresbericht* 1903:53). Dieselfde Sophie is op 23 Mei 1903 die pianis in ’n uitvoering van Saint-Saëns se Septet vir klavier, trompet, twee viole, altviool, tjello en kontrabas (*Neunundzwanzigster Jahresbericht* 1903:56). Op 8 Julie 1903 is die ywerige Sophie weer aan die beurt met die Klavierkonsert in D mineur van Bach (*Neunundzwanzigster Jahresbericht* 1903:60). Dit wil voorkom of Clodt aanvanklik Krause se enigste sterstudent was. (’n Mens moet onthou dat Krause eers in 1901 in München begin lesgee het, en dat dit ’n geruime tyd kan duur voordat ’n dosent ’n goeie groep leerlinge opbou.) Clodt word slegs 1-punte toegeken vir haar werk in klavier, harmonie en koorsang vir die akademiese jaar 1902/1903 (*Kgl. Akademie 1902/1903*, p. 205).

In haar tweede (en laaste) jaar aan die Koninklike Toonkuns-akademie (1903/1904) kon Vera de Villiers weer vir Sophie Clodt hoor. Op 22 Februarie 1904 speel sy die Klavierkonsert in E-mol van Liszt (*Dreissigster Jahresbericht* 1904:45). De Villiers kon verder luister na:

- Friedrich Rothenfelder van München op 17 Maart 1904 in die Sonate in A mineur vir fluit en klavier van Händel (*Dreissigster Jahresbericht* 1904:46) en op 21 Junie 1904 met die Capriccio “über die Abreise eines Freundes” van Bach (*Dreissigster Jahresbericht* 1904:51); en

---

17 Sy kry 1-2 en 2, en 1-2 en 2.

18 Hy ken 2-1 en 2, en 1-2 en 2 aan haar toe.

19 Chopin het drie nocturnes in B majeur gekomponeer: op. 9 nr. 3, op. 32 nr. 1 en op. 62 nr. 1. Die moeilikheidsgraad van die eerste twee is ongeveer graad 8, en die laaste een is moeiliker. Dit is nie seker watter een deur De Villiers instudeer is nie. Sy het 1, 2-1, 2 en 1 vir haar klavierspel behaal. Vir harmonieleer by Beer-Walbrunn (waar die dominant-sewende en sy omkerings behandel is) kry sy 1-2, 2, 2 en 1, en in die koorklas by Maier behaal sy 2-1, 2, 2 en 1.

20 Wat die rubrieke “vlyt” en “vordering” betref, word die volgende aan haar toegeken vir die eerste twee trimesters: 1 en 1, en 2-1 en 2-1 (klavier); 1 en 1, en 2-1 en 1-2 (harmonieleer); en 2-1 en 2, en 2-3 en 2 (koorsang).

21 Slegs een van Chopin se impromptu’s is in A-mol majeur: op. 29. Die werk is moeiliker as graad 8.

22 Daarvoor kry sy 1, 2-1, 3-2 en 1. Vir harmonieleer word 1, 1-2, 1-2 en 1 aan haar toegeken deur Beer-Walbrunn en in die koorklas kry sy van Joseph Becht 2, 2, 2 en 1.

- Marie Ritter uit Mexiko op 29 April 1904 met die Klavierkonsert in D mineur van Anton Rubinstein (*Dreissigster Jahresbericht* 1904:47).

’n Mens wonder hoe Vera de Villiers oor die sukses van haar kollegas gevoel het. Sy sou sekerlik uit die hoë standaard kon leer. “Sophie Freiin Clodt von Jürgensburg” was aan die einde van die akademiese jaar een van slegs vier damestudente wat die kursus voltooi het (*Dreissigster Jahresbericht* 1904:57) en een van vier dames wat die bronsmedalje ontvang het (*Dreissigster Jahresbericht* 1904:58). (Daar is slegs een silwermedalje aan ’n damestudent toegeken.)

**“FRAU” DAISY BOSMAN VAN BLOEMFONTEIN (1906–1908)**

Die *Zweiunddreissigster Jahresbericht* (1906:3) verduidelik dat die Akademie in 1905 ’n deurslaggewende herstrukturering ondergaan het. Waar die inrigting voorheen uit ’n *Vorschule*, ’n *Höhere weibliche Abteilung* en ’n *Hochschule* bestaan het, is dit nou verdeel in ’n *Akademie für die höhere Ausbildung auf dem Gesamtgebiete der Musik* (Akademie vir hoër opleiding op die gehele gebied van die musiek), ’n *Seminar zur Ausbildung für den Lehrberuf im Klavierspiel* (Seminarium vir die opleiding van klavieronderwysers) en ’n *Vorschule für die Orchester-instrumente* (Voorbereidende skool vir orkesinstrumente). Dit was nou nie meer moontlik om as pianis vir die Voorbereidende Skool in te skryf nie. Die eerste hoof van die Seminarium was Berthold Kellermann, die klavieronderwyser van die Suid-Afrikaans gebore Johanna Singenberger (*Zweiunddreissigster Jahresbericht* 1906:9).

Dit is ongewoon in die studentelyste in die *Jahresberichte* dat ’n student se naam ook die inskrywing “Frau” bevat. Feitlik geen van die damestudente het hierdie titel gedra nie. ’n Mens vermoed dus dat mev. Daisy Bosman getroud (óf ’n weduwee) van Bloemfontein (“Bloemfontain”) kon gewees het toe sy haar vir “Konzertgesang” onder Bernhard Günzburger laat inskryf het (*Zweiunddreissigster Jahresbericht* 1906:17). In die lys studente volgens hulle lande van herkoms is daar een (’n dame) aangedui as komend van “Grossbritannien Oranjefluss-Kolonie” (Oranjerivierkolonie) (*Zweiunddreissigster Jahresbericht* 1906:24).

Volgens die inskrywing oor Daisy Bosman in die *Dictionary of South African Biography* (Human 1987:66-67) is sy in 1878 in die distrik Edenburg gebore. Haar van was Maartens en sy is later met Jacques Bosman, ’n skilder en broer van die eksentrieke pianis Bosman di Ravelli (eintlik Jan Gysbert Hugo Bosman, 1882–1967) getroud. Jacques Bosman is as krygsgevangene na Admednagar in Indië geneem en Daisy na die konsentrasiekamp by Kroonstad waar hulle seun Victor gebore is. Ná die oorlog is die Bosmans in 1905 saam na München vir hulle studie en het in 1909 teruggekeer.

Daisy Bosman was dus 27 jaar oud toe sy aan die Toonkuns-akademie begin studeer het. Bernhard Günzburger, haar sangonderwyser, was tien jaar tevore die onderwyser van die Suid-Afrikaner Jeannie Muller van Graaff-Reinet (*Zweiundzwanzigster Jahresbericht* 1896:13). Bosman het ’n verdere twee jaar studeer (*Dreiunddreissigster Jahresbericht* 1907:17; *Vierunddreissigster Jahresbericht* 1908:17). By die laaste inskrywing verskyn daar ’n asterisk by haar naam. Daar word verduidelik dat die student tydens die loop van die jaar die instansie verlaat het (*Vierunddreissigster Jahresbericht* 1908:11); dit is bevestiging dat Daisy Bosman nie tot die einde van die akademiese jaar 1907/1908 aangebly het nie.

Die volume *Kgl. Akademie 1905/06* (pp. 313, 314) verskaf presieser inligting oor Daisy Bosman. Hiervolgens is sy op 21 Junie 1878 in Bloemfontein gebore en het op 15 Februarie 1906 ingeskryf. (Die geboorteplek verskil van die inligting in die *Dictionary of South African Biography* hierbo genoem. Moontlik verwys die inskrywing in München eerder na die plek waarvandaan sy

gekom het.) Günzburger gee haar vir die "Ostern" (Paas)-semester 'n 1 vir vlyt en 2 vir vordering. Mev. Bosman neem ook klavier by Hermann Meilbeck (wat vanaf Oktober 1905 tot 1932 aan die Akademie onderrig het) en kry 1 vir vlyt. Vir "Aussprache und Vortrag" (uitspraak en voordrag) by Eugen Gura jr. kry sy 1 vir vlyt en 2 vir vordering. Gura (1869–1940), wat tussen 1903 en 1909 aan die Akademie klasgegee het, was die seun van Eugen Gura sr. (1842–1906), die beroemde operasanger wat in Wagner-rolle gespesialiseer het.[23] Sy speel klavierstudies van Czerny uit op. 299 en ook Kuhlau op. 55 en Dussek op. 20.[24] Vir "Musik. Elementarlehre" (Elementêre musiekleer) by Josef Stich (?–1914, tussen 1896 en 1914 aan die Akademie verbonde; Krause 2005:419) kry sy 2, 2, 2 en 1, en vir haar "Aussprache und Vortrag" word 1, 2, 2 en 1 deur haar onderwyser Gura toegeken.[25]

Op 15 en weer op 20 April 1907 kon Daisy Bosman in die *Königliches Residenztheater* na uittreksels luister uit *Die lustige Weiber von Windsor* van Nicolai, *Der Waffenschmied* van Lortzing, *Beatrice und Benedikt* van Berlioz en *Fortunio's Lied* van Offenbach (*Dreiunddreissigster Jahresbericht* 1907:34,35).[26] Daisy Bosman kon een van die "junge Mädchen" (jong meisies) gewees het wat in die laaste uittreksel as ekstras opgetree het.

Die volume *Kgl. Akademie 1906/07* bevat 'n *Auszug aus dem Zensurbuche* (p. 64) en 'n *Jahres-Zeugnis* (p. 65) van Daisy Bosman.[27] Volgens die jaarrapport doen sy by Günzburger tegniese oefening en Lieder,[28] en speel klavierstudies van Cramer, en Beethoven se *Bagatelle* op. 33.[29]

Dit is moontlik dat beide Daisy Bosman en Irma Lohner (sien hieronder) op 16 Maart 1908 aan uittreksels uit operas in die *Königliches Residenztheater* deelgeneem het, alhoewel hulle nie soliste was nie (*Vierunddreissigster Jahresbericht* 1908:32). In die uittreksels uit *Die Zauberflöte* van Mozart kon die Suid-Afrikaanse dames as slawe opgetree het, en in die uittreksel uit *Der Troubadour* (dit is *Il trovatore*) van Verdi is sigeuners en sigeunerinne benodig. Boere, boerinne en verkopers is gebruik in die volledige komiese opera *Die beiden Savoyarden* van Dalayrac (1778–1825). Op 20 Maart 1908 is die uittreksels uit *Die Zauberflöte* en *Die beiden Savoyarden* weer opgevoer, asook die tweede bedryf van *Alessandro Stradella* van Flotow (1812–1883) (*Vierunddreissigster Jahresbericht* 1908:33). In laasgenoemde kom daar ook "studente van Stradella" en "burgers van Rome" voor. Dit is opvallend dat alle uittreksels in Duits aangebied is, soos wat dit tans in Duitsland dikwels die geval is.

Die volume *Kgl. Akademie 1907/08* (p. 56) bevat 'n "Austritts-Zeugnis" van Daisy Bosman (van "Blömfontain"), gedateer 15 Februarie 1908. Haar sangonderwyser, Günzenburger, gee haar nou 1 vir vlyt, 1 vir vordering, 2 vir vaardigheid en 1 vir gedrag. Sy het onder andere oratorium-partye geleer. By Fischer het sy onder andere Mozart-sonates gespeel.[30] Haar punte vir harmonieleer

23 In die jaarrapport kry Bosman vir haar sang 1 vir vlyt, 2-1 vir vordering, 1-2 vir vaardigheid en 1 vir gedrag.

24 Sy kry vir al die rubrieke 'n 1.


25 Die *Jahresheft* van 1906 verskaf nie inligting oor die inhoud van die vak "Musik. Elementarlehre" nie.

26 Hierdie teater is tydens die Tweede Wêreldoorlog verwoes en later weer opgebou. Dit word tans die Cuvilliés-teater genoem. Brunner (1997) verskaf 'n deeglike geskiedenis van die teater met 'n tydtafel (1750–1958), grondplanne en foto's.

27 Vir die eerste twee trimesters kry sy vir haar sang 1 vir vlyt en 2-1 vir vordering, opgevolg met 1 en 1. Vir klavier kry sy 1-2 en 2, en daarna 1-2 en 2-1. Vir "Musikalische Elementarlehre" kry sy 2 en 2, gevolg deur 2 en 2, en vir Uitspraak en Voordrag word 1 en 2 twee keer aan haar toegeken.

28 Hy ken 1 vir vlyt, 1 vir vordering, 2 en 1 vir verskillende vaardighede, en 1 vir gedrag toe.

29 Paula Fischer ken aan haar 1-2, 2-1, 2 en 1 toe. Vir haar "Musikalische Elementarlehre" ken Stich 2-1, 2-1, 2 en 1 aan haar toe en vir Uitspraak en Voordrag kry sy 1, 2-1, 2-1 en 1.


Kgl. Akademie der Tonkunst in München.

Austritts Jahres-Zeugnis.

Bosman Daisy

| Lehrfach | Lehrer | Zuletzt behandelter Lehrstoff | Noten aus | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Hauptfach: | | | | | | |
| | Günzburger | | 1 | 1 | 2 | 1 |
| Obligatorische Fächer: | | | | | | |
| | Fischer | | 1 | 1-2 | 2 | 1 |
| | Sachs | | 2-1 | 2 | 2 | 1 |
| | Gura | | 1 | 1 | 1 | 1 |

Bemerkungen

München, den 15. Febr. 1908

Die K. Direktoren:

Felix Mottl. L. S. Hans Bussmeyer.

Bedeutung der Zensurziffern in

***Figuur 3:*** *Austritts-Zeugnis van Daisy Bosman (Kgl. Akademie der Tonkunst in München. / Absolutorial - Seminar-schlußzeugnisse - / Semestral - Jahres - / und / Austritts-Zeugnisse. / Studienjahr / 1907/08, p. 56, met toestemming van die argief van die Hochschule für Musik und Theater in München)*

by Ernst Melchior Sachs (1843–1917) was 2-1, 2, 2 en 1. Sachs het aan die Musiekskool onder Rheinberger studeer en het tussen 1870 en 1910 aan die Akademie lesgegee (Krause 2005:414-415). Hy was dus 64 jaar oud toe Bosman by hom onderrig ontvang het. By Gura word sy vir haar Uitspraak en Voordrag in al die afdelings 'n 1 toegeken.[31] Sy het duidelik 'n goeie indruk gemaak.

Daisy Bosman het ongeveer twee jaar aan die Akademie studeer. Haar naam word nie in die programme van die studentekonserte gevind nie.

Die artikel van Human (1987:66-67) beweer die volgende: "Although Felix Mottl, the director of the Hofteater [sic] in Munich, invited her to sing leading roles in Wagner operas, Daisy B[osman] preferred the concert platform." Hierdie bewerings oor die uitnodiging van Mottl kan as hoogs onwaarskynlik (en selfs belaglik) beskou word. Bosman was nie een van die voorste sangstudente aan die Toonkuns-akademie nie en het in 1909 na Bloemfontein teruggekeer. Mottl, die beroemde dirigent en direkteur van die Toonkuns-akademie, is in 1911 oorlede. Hierdie uitsprake herinner aan soortgelyke aansprake oor die "studie" van Daisy Bosman se swaer, Bosman di Ravelli, aan die Konservatorium in Leipzig. Navorsing het getoon dat Bosman di Ravelli nooit 'n ingeskrewe student van die Konservatorium in Leipzig was nie en dat daar nooit so 'n klavierprofessor was soos in die artikel oor hom in die *South African Music Encyclopedia* (Malan 1979b:216-218) genoem word nie (Van der Mescht 2004:47). Volgens Human se artikel het die egpaar kuns en

---


30 Sy kry 1, 1-2, 2 en 1.

31 Die uittreksel van 10 April 1908 uit die punteboek verskaf die volgende punte vir die eerste trimester: Günzenburger: 1 vir vlyt en 1 vir vordering; Fischer: 1-2 en 2-1; Sachs: 2-1 en 2; en Gura: 1 en 1. (Daar is ook 'n los, nie-ingebinde bladsy met dieselfde inligting.)

sang aan die Bloemfonteinse Onderwyskollege doseer. Daisy Bosman was ’n stryder vir die Afrikaanse kunslied en het in 1922 en 1932 in Duitsland en Switserland besoek afgelê (Malan 1979a:215). Volgens Malan (1979c:219) is sy in Februarie 1939 saam met haar man en haar dogter Maxie (gebore op 2 November 1903 in Clanwilliam) na München om ’n oplossing vir Maxie se ernstige gesondheidsprobleme te probeer vind. “Magdalena Bosmann” (Maxie) het (soos haar moeder) sang aan die Akademie in München studeer: tussen 1931 en 1933 (*Achundfünfzigster Jahresbericht* 1932:15; *Neunundfünfzigster Jahresbericht* 1933:14). Maxie het op 30 Junie 1939 gesterf en Jacques kort daarna. Daisy is by die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in Duitsland vasgekeer. Dit is onseker waar en wanneer sy tydens die oorlog (in 1943 of 1944) oorlede is.

## IRMA LOHNER, GEBORE IN PRETORIA (1907–1909)

Volgens die volume *Kgl. Akademie 1906/07* (p. 361) is Irma Lohner op 18 Februarie 1885 in Pretoria gebore, maar het sy vir haar studie van München gekom. Dit is dus moontlik dat Irma Lohner reeds tuis was in die “plek” München en dus nie die aanpassingsprobleme sou moes deurloop waaraan die ander drie Suid-Afrikaans gebore damestudente blootgestel is nie. Hierdie inligting in haar jaarrapport (*Jahres-Zeugnis*) onderstreep weer eens die probleem wat veroorsaak word deur die oënskynlik eenvoudige rubriek “Geburtsort” in die *Jahresberichte*, waaruit (soms verkeerdelik) afgelei kan word dat die kandidaat se familie steeds by die oorspronklike geboorteplek gewoon het. Die rubriek in die *Jahresberichte* is egter die enigste manier waarop ’n verbintenis met Suid-Afrika vasgestel kan word. Alhoewel die *Dreiunddreissigster Jahresbericht* (1907:19) dit wil laat lyk of sy vir die hele jaar ingeskryf was, het sy eers op 27 April 1907 met haar studie begin.


Kgl. Akademie der Tonkunst in München

Jahres-Zeugnis.

Lohner Irma

München, den 14. Juli 1907.

Die K. Direktoren:

Felix Mottl. L. S. Hans Bussmeyer.

**Figuur 4:** *Jahres-Zeugnis van Irma Lohner (Kgl. Akademie der Tonkunst in München. / Absolutorial - Seminarschlußzeugnisse - / Semestral - Jahres - / und / Austritts-Zeugnisse. / Schuljahr / 1906/07, p. 361, met toestemming van die argief van die Hochschule für Musik und Theater in München)*

Soos Daisy Bosman het Irma Lohner ook ingeskryf om onder Günzburger te studeer (*Dreiunddreissigster Jahresbericht* 1907:19). In die rapportvolume *Kgl. Akademie 1906/07* (p. 361) word verklaar dat Günzburger vir Irma Lohner "oefeninge en klein liedere" gegee het om aan te werk. Daarvoor kry sy 1 vir vlyt, 2-1 vir vordering, 1 vir vaardigheid en 1 vir gedrag. By haar klavierdosent Schmid (heelwaarskynlik Heinrich Kaspar Schmid) werk sy aan 'n studie van Czerny en 'n Mozart-Fantasie. Schmid (1874–1953) was van Oktober 1905 tot 1921 aan die Akademie verbonde en het later die direkteur van die Konservatoriums in Karlsruhe en Augsburg geword (Krause 2005:416). Vir al die afdelings ken Schmid 'n 1 aan haar toe. Lohner het duidelik 'n baie goeie indruk gemaak. In die koorklas is sy by Maier, wat vir haar 1, 2-1, 2-1 en 1 toeken. Vir "Aussprache und Vortrag" is sy soos Daisy Bosman 'n student van Gura, wat aan haar punte van 1, 2, 2 en 1 toeken. Daar kan afgelei word dat Lohner baie vlytig was en goeie gedrag geopenbaar het.

Vanaf die akademiese jaar 1907/1908 het Lohner les geneem by Bianca Bianchi-Pollini wat een van slegs twee vroue onder die 38 leermeesters aan die Akademie was (*Vierunddreissigster Jahresbericht* 1908:18,7; *Kgl. Akademie 1907/08*:199,200). Hierdie feit onderstreep weer eens die patriargale aard van die onderwys in Duitsland in daardie stadium, en die feit dat die Suid-Afrikaanse studente aan hierdie situasie blootgestel is. Bianchi (1858–1947) was eintlik Bertha Schwartz en sy is later met ene Pollini getroud (Krause 2005:393). Sy was 'n koloratuursopraan wat in die operahuise in Hamburg, Karlsruhe, Wene en München gesing het. Voordat sy tussen 1914 en 1928 aan die Mozarteum in Salzburg lesgegee het, was Bianca Bianchi-Pollini vanaf 1902 tot 1914 aan die Akademie in München verbonde. In die jaar 1908/1909 was Lohner steeds 'n student van Bianchi, maar daar word met 'n asterisk aangedui dat sy voor die einde van die akademiese jaar die instelling verlaat het (*Fünfunddreissigster Jahresbericht* 1909:18).

In die verslag *Kgl. Akademie 1907/08* (p. 199) oor die punte vir die eerste twee trimesters (10 April 1908) kry Irma Lohner by Bianchi 1 en 1 vir vlyt en 1-2 en 1-2 vir vordering. Haar klavieronderwyser Beer-Walbrunn (Vera de Villiers se harmonie-onderwyser) ken elke keer 1 toe vir vlyt en 2 vir vordering.[32] Vir harmonieleer is haar onderwyser Friedrich Klose (1862–1942) wat in Karlsruhe, Genève en Wene (by die beroemde komponis en leermeester Anton Bruckner) studeer het en in 1907 die opvolger van Ludwig Thuille geword het (Krause 2005:404).[33] Hy was tot 1919 aan die Akademie verbonde. In die koorklas is Irma Lohner (soos Mabel Wuesto voorheen) by Becht en kry sy 1 en 1 vir vlyt en 2-1 en 1-2 vir vordering. Sy blink ook uit in Uitspraak en Voordrag waarvoor sy by Gura 1 en 1 vir vlyt en 2 en 2 vir vordering kry. Die jaarrapport (p. 200) verskaf die inligting dat Bianchi met Lohner aan "Kehlfertigkeit" van Lüttgen en liedere van Schubert gewerk het.[34] Vir Beer-Walbrunn speel Irma Lohner onder andere die driestemmige vindinge nr. 9 en 10 van Bach en *Moments musicaux* van Schubert.[35]

In Irma Lohner se laaste studiejaar was daar altesaam 385 studente aan die Akademie, waarvan 56 uit die buiteland (*Fünfunddreissigster Jahresbericht* 1909:18). Daar word niemand uit Afrika aangedui nie, maar wel twee uit "Grossbritannien" waarvan een moontlik na Irma Lohner verwys.

---

32 Die première van Beer-Walbrunn se opera *Don Quijote* het op 1 Januarie 1908 onder Felix Mottl in die Hoftheater plaasgevind (Wagner 1958:85). Dit is die huidige Beierse Staatsopera wat as Hof- und Nationaltheater in 1818 voltooi is, in 1825 ná 'n brand herbou is, en weer in 1963 ná die oorlogskade van 1943 opgebou is (Münster 2001:396). 'n Mens wonder of Bosman en Lohner hierdie opvoerings bygewoon het.

33 Klose ken 1 en 1 vir vlyt en 1-2 en 1-2 vir vordering toe.

34 Bianchi gee 1 vir vlyt, 1-2 vir vordering, 2 vir vaardigheid en 1 vir gedrag.

35 Daarvoor kry sy 1, 2-1, 2-1 en 1. Haar harmonieleer by Klose is ook goed en sy kry 1, 1-2, 2-1 en 1. Vir die tweede koorklas by Becht word 1, 1-2, 1 en 1 aan haar toegeken. Gura, die dosent vir Uitspraak en Voordrag, skat haar prestasie as 1, 2, 2 en 1.

Irma Lohner se *Austritts-Zeugnis* is op 15 Februarie 1909 ingevul (*Kgl. Akademie 1908/09*:188). Sy het hiervolgens nie die hele akademiese jaar voltooi nie. In die uittreksel uit die toegekende punte (p. 187) kry Lohner by Bianchi 1 vir vlyt en 2 vir vordering vir die eerste trimester. Vir klavier kry sy ook 1 en 2, en vir Uitspraak en Voordrag is dit 1 en 1, en vir die tweede trimester (toe sy blykbaar nie meer daar was nie!) ook 1 en 2. In die uittrederapport word geen punte toegeken nie.

Lohner se naam word nie in die programme van die studentekonserte gevind nie. Sy het voor die einde van die akademiese jaar vertrek en het geen eksamen afgelê nie. Van al die studente het slegs dertien dames en vyftien mans die eksamen geslaag (*Fünfunddreissigster Jahresbericht* 1909:44). In die Seminarium vir klavieronderwysers het ses dames hulle studie voltooi, drie mans het die eksamen vir militêre musiek afgelê, en sestien studente van die *Vorschule* het die oorgangseksamen na die Akademie geslaag (*Fünfunddreissigster Jahresbericht* 1909:45).

Ná Lohner se vertrek in 1909 was daar tot in 1914, die jaar van die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog, geen Suid-Afrikaners wat hulle aan die Koninklike Toonkuns-akademie laat inskryf het nie.

## GEVOLGTREKKINGS

Dit is ’n groot jammerte dat daar weens die vernietiging van dokumente gedurende die Tweede Wêreldoorlog baie min argiefmateriaal oor die studente aan die *Königliche Akademie der Tonkunst* in München behoue gebly het. Hierdie situasie staan in kontras met die feit dat daar wel persoonlike inligting in briewe aan en briewe van die bestuur van die *Hochschule für Musik* in Berlyn beskikbaar is. Ons kan dus min direkte uitsprake maak oor die invloed wat die “plek” München en sy musiekskool en teaters op die spesifieke Suid-Afrikaanse musiekstudente gehad het. Die waardes, gevoelens, hoop en vrese (Philo 2000:652) van die individuele studente kan moeilik vasgestel word. ’n Poging tot “thick description” het dus wel sy beperkings. Dit is egter tog moontlik om die omstandighede te herkonstrueer sodat die algemene kulturele invloed bepaal kan word.

Uit die gegewens in die argief van die huidige *Hochschule für Musik und Theater* in München kan afgelei word dat die vier Suid-Afrikaans gebore studente heelwat uit die ervaring in die “plek” München en by die *Königliche Akademie der Tonkunst* sou kon leer. Soos aangetoon in die verwysings na werke wat uitgevoer is, is die Suid-Afrikaanse studente voortdurend aan goeie uitvoerders onder hulle medestudente en dosente blootgestel. Die Suid-Afrikaners het by onderwysers les geneem wat ’n uitsonderlike breë agtergrond en ervaring van ’n groot verskeidenheid musiek-aktiwiteite gehad het. Daarby moet die openbare kultuurlewe in München genoem word. Deur hierdie positiewe omstandighede is hulle musikale identiteit ingrypend beïnvloed. Die studente sou later ’n belangrike bydrae in hulle gemeenskappe kon lewer. Dit is opvallend dat genderverskille ’n groot rol in die status van studente gespeel het, met mans op ’n baie hoër vlak as dames.

Ons beskik oor inligting oor die spesifieke teaters waarheen studente sou gegaan het, byvoorbeeld die bron van Brunner (1997) oor die *Königliches Residenztheater*. Van 1846 is die musiekskool op die tweede vloer van die Odeon-gebou op die Odeonsplatz in München gehuisves (Münster 2005:17). Die gebou is in die Tweede Wêreldoorlog tydens die bombardering op 24 April en 13 Julie 1944 verwoes (Mus. Th 7186 y 68/70, tweede bladsy). Ons kan egter nogtans indrukke kry oor die landskap (of “cityscape”), dit wil sê die plek München, waarin die studente studeer het.

Daar is vier Suid-Afrikaans gebore musiekstudente (almal vroue) wat tussen 1902 en 1909 aan die *Königliche Akademie der Tonkunst* in München studeer het. Hulle studie kan soos volg opgesom word:

| Naam | Geboorteplek | Hoof- praktiese vak | Onderwyser(s) | Jare studeer |
|---|---|---|---|---|
| Mabel Wuesto | Kimberley | Viool | Franz Drechsler | Ongeveer 2 en ’n half jaar: 1902–1904 |
| Vera de Villiers | Pretoria | Klavier | Martin Krause | 2 jaar: 1902–1904 |
| Daisy Bosman | Distrik Edenburg/ Bloemfontein | Sang | Bernhard Günzburger | 2 jaar: 1906–1908 |
| Irma Lohner | Pretoria | Sang | Bernhard Günzburger, Bianca Bianchi | Byna 2 jaar: 1907–1909 |

Die Suid-Afrikaanse studente het geen kwalifikasies aan die Koninklike Toonkuns-akademie in München behaal nie, maar hulle onderwysers het in die rapporte goeie punte aan die vier toegeken. Die dames het veral in hulle gedrag uitgeblink. Geeneen van die vier het ooit minder as ’n 1 vir hierdie afdeling gekry nie. Hulle was egter nie goed genoeg om in die studentekonserte op te tree nie.

Wat nou nog oorbly, is om die spesifieke bydraes van elkeen van die bespreekte persone, soos hulle beïnvloed is deur die milieu in München, na te vors.

## BIBLIOGRAFIE

*Achtundfünfzigster Jahresbericht der Staatlichen Akademie der Tonkunst Hochschule für Musik in München*. 1932. München: Buchdruckerei J. Gotteswinter.

*Achtundzwanzigster Jahresbericht der königl. Akademie der Tonkunst in München*. 1902. München: Buchdruckerei George D.W. Callwey.

Beard, D. & Gloag, K. 2005. *Musicology: The Key Concepts*. London: Routledge.

Brunner, H. 1997. *Altes Residenztheater in München (Cuvilliés-Theater)*. München: Bayerische Verwaltung der staatlichen Schlösser, Gärten und Seen.

*Dreissigster Jahresbericht der königl. Akademie der Tonkunst in München*. 1904. München: Kgl. Hofbuchdruckerei Kastner & Callwey.

*Dreiunddreissigster Jahresbericht der Königl. Akademie der Tonkunst in München*. 1907. München: Kgl. Hofbuchdruckerei Kastner & Callwey.

Edelmann, B. 2005. Königliche Musikschule und Akademie der Tonkunst in München 1874–1914. In S. Schmitt (red.), *Geschichte der Hochschule für Musik und Theater München von den Anfängen bis 1945*. Tutzing: Hans Schneider.

*Einunddreissigster Jahresbericht der königl. Akademie der Tonkunst in München*. 1905. München: Kgl. Hofbuchdruckerei Kastner & Callwey.

*Erster Jahresbericht der k. Musikschule in München*. 1875. München: Kgl. Ho fund Universitäts-Buchdruckerei von Dr. C. Wolf & Sohn.

Frith, S. 1996. Music and Identity. In S. Hall & P. du Gay (eds), *Questions of Cultural Identity*. London: Sage.

*Fünfunddreissigster Jahresbericht der Königl. Akademie der Tonkunst in München*. 1909. München: Kgl. Hofbuchdruckerei Kastner & Callwey.

Holloway, I. & Wheeler, S. 2009. *Qualitive Research in Nursing and Healthcare*. Derde uitgawe. Chichester: Wiley-Blackwell.

Human, J.L.K. 1987. Bosman, Daisy. In C.J. Beyers (red.), *Dictionary of South African Biography* V: 66-67. Pretoria. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Jost, C. 2005. Richard Wagners Münchener Atelier für Musik und die Königliche Musikschule (1865-1874). In S. Schmitt (red.), *Geschichte der Hochschule für Musik und Theater München von den Anfängen bis 1945*. Tutzing: Hans Schneider.

*Kgl. Akademie der Tonkunst in München / Absolutorial,- Jahres- / und / Austritts-Zeugnisse / Schuljahr / 1900/1901*. Argief van die *Staatliche Hochschule für Musik und Theater München*.

*Kgl. Akademie der Tonkunst in München. / Absolutorial - Semestral - Jahres - / und / Austritts-Zeugnisse / Schuljahr / 1901/1902*. Argief van die *Staatliche Hochschule für Musik und Theater München*.

*Kgl. Akademie der Tonkunst in München. / Absolutorial - Semestral - Jahres - / und / Austritts-Zeugnisse / Schuljahr / 1902/1903*. Argief van die *Staatliche Hochschule für Musik und Theater München*.

*Kgl. Akademie der Tonkunst in München. / Absolutorial - Semestral - Jahres - / und / Austritts-Zeugnisse / Schuljahr / 1903/4*. Argief van die *Staatliche Hochschule für Musik und Theater München*.

*Kgl. Akademie der Tonkunst in München. / Absolutorial - Semestral - Jahres - / und / Austritts-Zeugnisse / Schuljahr / 1904/5*. Argief van die *Staatliche Hochschule für Musik und Theater München*.

*Kgl. Akademie der Tonkunst in München. / Absolutorial - Seminarschlußzeugniße. / Semestral - Jahres - / und / Austritts-Zeugnisse. / Schuljahr / 1905/06*. Argief van die *Staatliche Hochschule für Musik und Theater München*.

*Kgl. Akademie der Tonkunst in München. / Absolutorial - Seminarschlußzeugnisse - / Semestral - Jahres - / und / Austritts-Zeugnisse. / Schuljahr / 1906/07*. Argief van die *Staatliche Hochschule für Musik und Theater München*.

*Kgl. Akademie der Tonkunst in München. / Absolutorial – Seminarschlußzeugnisse - / Semestral - Jahres - / und / Austritts-Zeugnisse. / Studienjahr / 1907/08*. Argief van die *Staatliche Hochschule für Musik und Theater München*.

*Kgl. Akademie der Tonkunst in München. / Absolutorial – Seminarschlußzeugniße / Semestral - Jahres / und / Austritts-Zeugnisse. / Studienjahr / 1908/09*. Argief van die *Staatliche Hochschule für Musik und Theater München*.

Krause, A. 2005. Lehrkörper. In S. Schmitt (red.), *Geschichte der Hochschule für Musik und Theater München von den Anfängen bis 1945*. Tutzing: Hans Schneider.

Louw, F. 2010. Miskende kunsprofetes. Byvoegsel *By* in *Beeld*, 17 April, pp. 12-13.

Malan, J.P. 1979a. Bosman, Daisy (née Maartens). In J.P. Malan (ed.), *South African Music Encyclopedia* I: 215. Cape Town: Oxford University Press.

Malan, J.P. 1979b. Bosman di Ravelli Vere (Jan Gysbert Hugo Bosman). In J.P. Malan (ed.), *South African Music Encyclopedia* I: 216-218. Cape Town: Oxford University Press.

Malan, J.P. 1979c. Bosman, Maxie. In J.P. Malan (ed.), *South African Music Encyclopedia* I: 219. Cape Town: Oxford University Press.

Münster, R. 2005. Das Königliche Konservatorium für Musik 1846–1865 und seine Vorläufer. In S. Schmitt (red.), *Geschichte der Hochschule für Musik und Theater München von den Anfängen bis 1945*. Tutzing: Hans Schneider.

Mus. Th 7186 y 68/70, Beierse Staatsbiblioteek, München.

*Neunundfünfzigster Jahresbericht der Staatlichen Akademie der Tonkunst Hochschule für Musik in München*. 1933. München: Buchdruckerei J. Gotteswinter.

*Neunundzwanzigster Jahresbericht der königl. Akademie der Tonkunst in München*. 1903. München: Kgl. Hofbuchdruckerei Kastner & Callwey.

*Neunzehnter Jahresbericht der k. Akademie der Tonkunst in München*. 1893. München: Kgl. Hof- und Universitäts-Buchdruckerei von Dr. C. Wolf & Sohn.

Philo, C. 2000. Place. In A. Bullock & S. Trombley (eds), *The New Fontana Dictionary of Modern Thought*. London: HarperCollins.

Schmitt, S. (red.). 2005. *Geschichte der Hochschule für Musik und Theater München von den Anfängen bis 1945*. Tutzing: Hans Schneider.

Tomlinson, G. 1984. The Web of Culture: A Context for Musicology. *19th-Century Music*, 7:350-362.

Van der Mescht, H. 2004. Students with South African connections at the Conservatorium of Music in Leipzig, 1843–1943. *South African Journal of Cultural History*, 18(2):31-55.

Van der Mescht, H. 2005. Some South African connections among students at the *Hochschule für Musik* in Berlin, 1869–1914. *South African Journal of Cultural History* 19(1):98-118.

Van der Mescht, H. 2008. Some South African connections among students at the *Stern'sches Conservatorium der Musik* in Berlin, 1850–1914. *South African Journal of Cultural History*, 22(1):136-62.

*Vierunddreissigster Jahresbericht der Königl. Akademie der Tonkunst in München*. 1908. München: Kgl. Hofbuchdruckerei Kastner & Callwey.

Wagner, H. 1958. *Münchner Theaterchronik 1750–1950*. München: Georg Fischer.

*Zweiunddreissigster Jahresbericht der königl. Akademie der Tonkunst in München*. 1906. München: Kgl. Hofbuchdruckerei Kastner & Callwey.

*Zweiundzwanzigster Jahresbericht der k. Akademie der Tonkunst in München*. 1896. München: Buchdruckerei Kastner & Lossen.